DRING SY *ALLESDEURDRINGENDHEID* tot my deur?



Willem Nicol

Dr Willem Nicol is studenteleraar by die NG gemeente Universiteitsoord in Pretoria.

Ek het aan die evangeliese of Andrew Murray-kant van die NG Kerk grootgeword. Hier was "wandel met die Here" 'n tegniese term vir 'n daaglikse bewussyn wat deur sy teenwoordigheid aangeraak word. Van kleins af het ek ontevrede gevoel oor die mate waarin hierdie ideaal in my lewe realiseer.

Gedurende die laaste jare het die Here vir my twee sleutels gegee wat help in hierdie rigting.

Die eerste sleutel is dat ek hierdie ideaal nie kan bereik nie. Op dié deurslaggewende vlak het ek nie beheer oor my bewussyn nie. Daar diep binne is die donker kragte te sterk. Groei in hierdie rigting kan ek slegs uit vrye guns ontvang. Ten opsigte van verlossing ken ons hopelik hierdie sleutel, maar dit neem blykbaar 'n lewe om die deurwerking daarvan tot in hierdie sensitiewe terrein te leer ken en vertrou. Die blokkasie lê in die self-probeer. Hierdie blokkasie kan nie weggespoel word deur enigiets anders wat verder in hierdie artikel staan nie: net die evangelie kan ons daarvan red.

Die tweede sleutel is dat God in werklikheid baie groter en allesdeurdringender is. Van kleins af het ek Hom in 'n groot mate leer beleef as Iemand êrens met wie 'n mens deur godsdiens kontak kry. Die wandel-met-die-Here moes dus min of meer op die modus van die godsdiens wat ek as kind geleer het, werk: Ek moes bewustelik aan Hom dink of met Hom praat. Vir iemand soos ek wat taamlik geabsorbeer raak deur die doenigheid van die lewe, wou dit nie werk nie.

Hier was "wandel met die Here" 'n tegniese term vir 'n daaglikse bewussyn wat deur sy teenwoordigheid aangeraak word. Van kleins af het ek ontevrede gevoel oor die mate waarin hierdie ideaal in my lewe realiseer.

Geleidelik moes ek agterkom dat die groter dinge wat ons van God glo en sê regtig so is en werklik beleef kan word. Dat Hy nie in die heelal is nie, maar die heelal in Hom. Dat ons nie net in die godsdiens met Hom te doen het nie; dat daar nie ’n terrein van die lewe kan wees waar Hy nie na ons op pad is nie. “Deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons” (Hand 17:28) en nie net ons nie, maar alle dinge, want “deur Hom bly alles in stand” (Kol 1:17). Die feit dat ek lewe en dat hierdie stoel bestaan, is tekens van sy teenwoordigheid. Dis tekens van sy persoonlike teenwoordigheid, want die klassieke dogmatiek beklemtoon tereg dat God se alomteenwoordigheid nie bloot van sy werksaamheid geld nie, maar van sy wese.

Hier pas ’n teologiese nota. As ons die inwoning van God in die werklikheid so sterk beklemtoon, gaan ons nie die persoonlike God wat al voor die heelal daar was en wat teenoor ons staan, ons ken en liefhet, verloor nie? Dit wil sê: Kan die geloof in die immanensie van God nie die geloof in sy transendensie verswak nie? Die antwoord is nee, die twee wil nie teen mekaar werk nie, want die waarheid oor God is so groot dat die twee kante mekaar oor en weer wil versterk.

Stilte met Hom help

As ’n mens se stiltetyd nie net uit woorde en gedagtes bestaan nie, maar ook uit ’n blote wees by die Here, help dit nogal om jou oë oop te maak. Jy rus dan immers in die geloof in sy teenwoordigheid en werksaamheid.

Dan begin jy die misterie in alles rondom jou beleef. Die stem van ’n voël wys nie net hoe mooi God hom gemaak het nie, maar is ’n teken van die groter Teenwoordigheid, soms vir jou die stem van die Here.

Jou ervaring van jou liggaam verdiep. Jy kom agter dat dit nie net dinge soos skrik, spanning en verrassing is wat deels lyflik ervaar word nie, maar ook dinge soos vertroue en rus in God. Jy ervaar geloofsrus nie net in jou hart nie, maar ook in jou lyf. Jy ervaar dat nie net die geloof van die hart deur God gegee word nie, maar in dié sin ook die geloof van die lyf. Jy beleef God se werksaamheid in jou lyf, hoe Hy ook van daar na jou hart toe werk.

As dié deure oopgaan, wil die ervaring nie ophou wanneer jy opstaan na jou stiltetyd nie. So bou God jou vertroue dat Hy nooit ophou werk nie.

Jy ervaar sy werksaamheid op ’n besondere wyse waar jy dit die meeste nodig het. As dit pyn is, beleef jy sy geheimsinnige teenwoordigheid diep daarin. As dit nadelige gewoontes van die hart of die hand is, is Hy daar besig. As dit die wyse is waarop jou liggaam op die lewe reageer, is Hy daar.

So kom die twee sleutels bymekaar. Hy neem die inisiatief –op alle terreine. Hoe meer Hy my op alle terreine daartoe bring om in geloof in te daal, aan Hom oor te gee, “to let go and let God”, hoe meer swaai die deure vir Hom oop.

“Deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons” (Hand 17:28) en nie net ons nie, maar alle dinge, want “deur Hom bly alles in stand” (Kol 1:17).